

Verwysingsnommer: .841/64.... Raad van Beheer oor Publikasies,
Naam en Skrywer: Die Ysterkoei moet KAAPSTAD.
Sweet. - Breyten Breytenbach. 17/9/64.....

Leser:

LESERSVERSLAG.

1. Kort weergawe van inhoud:

OPINION.

I think the collection should be passed for these reasons:

1. Serious poetry in Afrikaans is read by a very small group of highly intelligent and educated people. I do not think that any of these poems have "a tendency to corrupt or deprave the minds" of such people. Any very young or uneducated person into whose hands the book might fall would understand so little of it that he could not be affected by it.

2. I do not think it is the function of the Board to dictate religious or political beliefs to serious authors, nor to suppress them when there is no subversive or propagandist effect or intention. P.T.O.

2. Verwysings na bladsye waarop gedeeltes voorkom wat as onbetaamlik, onweloweglik of aanstootlik beskou word kragtens die Wet.

- (a) Misdaad en die tegniek van misdaad
- (b) Wetteloosheid, moord en sadisme
- (c) Blanke slawehandel
- Hartstogtelike liefdestonele
- Geslagsomgang
- Sedeloosheid
- Seksperversie
- Beskrywing van vroueliggame
- (d) Ander aanstootlike eienskappe
- (e) Godslasterlike en aanstootlike taal
- (f) Aanstootlike kleurvermenging
- (g) Ondermynende propaganda
- (h) Aanstootlike advertensies
- (i) Aanstootlike buiteblad of stofomslag

3. Algemene opmerkings en oordeel:

A poet communicates his experience in the most comprehensive and honest way he can and he cannot select from his thoughts and emotions with a view to who may or may not approve or agree with his beliefs. If poets in South Africa are forced to do this in order to be published, the publication of poetry will dwindle to nothing. The consequences of this would be infinitely more harmful to the cultural health of the country than any occasional shocks felt by individuals could ever be. A book of poetry is not like a poster or a public speech.

Sgnd. C.J.D. Harvey.
Handtekening van Leser.

See below: 3.

Kworum	Goedgekeur	Afgekeur
C.J.D. Harvey	X	

Besluit: Goedgekeur/Afgekeur. Stofblad.

Hierdie Uitgawe.

Alle Uitgawes.

Voorsitter

Datum

3. To ban this collection on the grounds of its irreligious or irreverent attitudes would be to make an exception of it (because it is in Afrikaans?), for irreligious and irreverent poems in English and other languages by Blake, A.G. Swinburne, D.H. Lawrence and many other poets, both major and minor, are freely in circulation amongst the very small group who read poetry.

Sgnd. C.J.D. Harvey.

-Knoor

Verwysingsnommer: 841/64

Raad van Beheer oor Publikasies,

Naam en Skrywer: D.S. J. STERKORL.

KAAPSTAD.

MORT. SYEFT - BRYTEN. BREYTENBACH. 28.8.1964

Leser:

LESERSVERSLAG.

1. Kort weergawe van inhoud:

Sedigte - hier en taal met talent gedryf... die volgende

bladsye versies aandag:

p. 4, p. 6, 9, 14, 24, 25, 26, 27, 28, 30, 31, 58, 59, 87, 88?

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

2. Verwysings na bladsye waarop gedeeltes voorkom wat as onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik beskou word kragtens die Wet.

- (a) Misdaad en die tegniek van misdaad
- (b) Wetteloosheid, moord en sadisme
- (c) Blanke slawehandel
- Hartstogtelike liefdestonele
- Geslagsomgang
- Sedeloosheid
- Seksperwersie
- Beskrywing van vroueliggame
- (d) Ander aanstootlike eienskappe
- (e) Godslasterlike en aanstootlike taal
- (f) Aanstootlike kleurvermenging
- (g) Ondermynende propaganda
- (h) Aanstootlike advertensies
- (i) Aanstootlike buiteblad of stofomslag

GEDIGTE - Breyten Breytenbach

Daar is blykbaar reeds so veel oor die gedigte geraadpleeg en het daar ook so n verskeidenheid van opinies vorendag gekom, dat ek maar net kortliks my opinie oor enkele gedigte wil gee.

Die gedigte op bl. 4, 14, 24, 25, 26, 27, 30, 33, 58, 59, 72, 81, 82, 87, 88 en byvoeging,

bevat na my mening woorde en uitdrukkings wat in die gewone volksmond as platvloers, banaal, onbehoorlike taal en onweloweglik beskou sou word. Hoe hierdie soort woorde esteties verantwoord kan word weet ek nie. Sodanige woorde word miskien verstaanbaar maar hulle kan nooit mooi word al kom hulle ook in n gedig voor. In ons Afrikaanse huise kry die jong kinders dikwels selfs n pak wanneer hulle sommige van die woorde gebruik.

Ek wil dus aan die hand doen dat genoemde gedigte of gewysig word, of uit die bundel verwyder word.

Th. J. ...
28/9/64

Murray - draingend

Reference Number: *841/64*

Publications Control Board,
CAPE TOWN.

Title and Author: *D.I.E. Y.S.T.E.R.K.O.F.!*

M.O.F.T. S.W.E.R.T. - BREYTEN BREYTENBACH 17/9/64

Reader:

REPORT OF READER.

1. Synopsis of Publication:

Sins of a young man's fantasy

2. References to pages on which appear passages considered to be indecent, obscene or objectionable in terms of the Act.

- (a) Crime and the technique of crime
- (b) Lawlessness, murder and sadism
- (c) White slavery and prostitution
- Passionate love scenes
- Sexual intercourse
- Loose morals
- Sex perversion
- Description of women's bodies
- (d) Other objectionable features
- (e) Blasphemous and objectionable language
- (f) Offensive intermingling
- (g) Subversive propaganda
- (h) Objectionable advertisements
- (i) Objectionable cover or dust cover

DIE//MAAK//MAA//MAA//DIE//GROEN//AKKA

deur B. Breytenbach.

Ms. deur die Uitgewers, A.P.B., Johannesburg voorgelê.

Hierdie bundel is 'n hewige satire vol wranghede op die mens se vrees vir die dood, ontbinding en pyn, wat tegelykertyd vir die digter 'n obsïderende angsbeeld is; dis ook felle hekeling van die mens se skyngodsdiens en bevat ook telkens verwysings na die „politieke slagoffers” daarvan in ons land vandag - vgl. die opdrag „vir my vriende in tronke met tande”.

Die gedigte is geskrywe in 'n in ons land nog vreemde moderne idioom en beeldaard wat telkens ontstellend aandoen maar besit beslis literêre kwaliteit en hou ongetwyfeld belofte in.

Hiermee is reeds aangedui waarom dit gaan by 'n beoordeeling van die aanstootlikheid al dan nie van die gedigte met die oog op toestemming of verbod tot publikasie.

Wat 'n uitspraak van die Raad in hierdie geval besonder moeilik en verantwoordelik maak, is die feit dat verleende toestemming beteken dat hierdie bundel ná publikasie nie meer aangekla kan word nie, dat die publiek wanneer dit sy impak op hom het, voor 'n fait accompli staan en dat vrystelling vir publikasie veel meer die indruk sal gee van sanksionering deur die Raad as deurlating ná publikasie.

Dis om hierdie redes dat die literatore van Pretoria en Potchefstroom nie die moeite ontsien het nie om twee keer oor hierdie saak te vergader, een keer in Pretoria en een keer in Potchefstroom.

Wat dus die Raad se besondere aandag verg is:

- (a) die ontstellende beelde, taal, wendinge en verbindinge wat dikwels plat of gewaagd voorkom. Vgl. bv. die aangestreepte gedeeltes op blss. 4, 8, 18, 24, 25, 26, 27, 30, 31, 59, 72, 87, 88. Hoe 'n mens ook mag staan teenoor die gees en die smaak wat daaruit spreek, meen ons dat die digter hier dikwels esteties verantwoord is in die gebruik daarvan as verbeeldingsmiddel.

- (b) Dis duidelik dat die digter politiek linkse simpatieë het en meermale verwys na „politieke“ gevangenes en hulle „marteling“: vgl. blss. 6, 14-15, 21 (is Zeke hier Ezekiel Mphahlele?), 33, 88-89.

Die vraag is of hierdie uitinge in 'n vir die groot publiek volkome onleesbare bundel voldoende rede vir verbod is, maar veral: mag ons die skeppende kunstenaar in 'n ernstig-bedoelde werk volkome die swye opleë op hierdie terrein?

- (c) „ek het die gode van my jeug uitgeroei - dit was die pes“, sê die digter op bl. 26. Hierdie bundel openbaer inderdaad 'n revolusionêre houding teenoor ^{wat} sy siening ^{van} die Christelike godsdienstige opvattinge, konsepsies en voorstellinge en veral praktyk, beklemtoon vanuit sy linkse standpunt telkens die hipokrisie en sou die algemene leser wat dit sou lees, telkens kwets deur gebrek aan piëteit: 9, 22, 24, 28, 46, 87, 88.

Hoe 'n mens se instelling ook mag wees teenoor die lewensgevoel wat hier verbeeld word, dit moet erken word dat in verskillende van die genoemde gevalle dit esteties verantwoord is.

Dis interessant dat die uitgewers veral bekommerd skyn te wees oor die gedig „breyten bid vir homself“ (bl. 14-15). Hierdie gedig is 'n wrang ironies-satiriese omstelling van Van Wyk Louw se „Ignatius bid vir sy orde“, waarin Ignatius die noodwendigheid en mistiek-suiwerende krag van die lyding erken en bid dat hy nie ander mag laat ly nie maar self mag ly. Hierteenoor stel Breyten nou homself as verteenwoordiger van die selfsugtige, skynheilige mensdom met die bede dat ander mag ly, o.a. die gevangenes „in tronke met tande“, maar net nie hy self nie. Teen hierdie gedig, wat die nafewe leser ongetwyfeld sal skok (maar dit kan hier tog nie as norm geld nie), kan geen beswaar ingebring word op godsdienstige gronde nie.

Minder aanvaarbaar lyk vir ons strofe 1 op bl. 28, waar hy die godsdienst van sy ouers voorstel met 'n beeld wat direk teruggaan op heidense afgodediens:

„die skamele offerandes van hulle gebede as hulle my
op die knieë van hul Gij Here God lê“.

klink dit honend.

Volkome onaanvaarbaar is egter die gedig Nagmaal (bl. 64-65), waarin by die verheerliking van die sinlike liefdesgenot die woorde van Christus in die Nagmaalsformulier opgeneem, gebruik word. Deur hierdie profanering, hierdie onlaag sleur van die sentrale waarheid van die Christelike geloof, kwets, beledig die digter alle Christengelowiges in hulle diepste oortuiginge. Hierdie gedig versterk ook die indruk van gebrek aan eerbied waarop hierbo gewys is met aanduiding van bladsye - dit geld veral die twee gedigte wat ná die register opgeneem is en wat mekaar se teëhanger is. In swart dood 1348 word op roue wyse in grusame beelde die berugte pes en die geestelike ontreddeering wat dit gebring het, verbeeld. In die slotstrofe kom die teenstelling voor van sadistiese genot in die dood van ander en die nagmaalsmotief, verbind met 'n soort swarte mis-konsepsie. wit dood 1960 verbeeld die geestelike pes van ons tyd in Suid-Afrika - die tirannie en marteling, weer met aanroeping van God en in verbinding met die Nagmaalsgedagte.

Die probleem waarvoor ons staan, is: selfs al beskou ons hierdie twee gedigte as blote verbeeldinge van toestande van geestelike ontreddeering, kan ons sulke verbeeldinge sanksioneer' en oorskry die tweede gedig nie die toelaatbare grense van politieke aanklag nie?

Op hulle tweede vergadering het die komitee van Potchefstroomse en Pretoriase lede besluit om die hele saak vir ernstige oorweging na die K.K. te verwys met die versoek dat ook proff. Murray en Harvey hulle vergadering sal bywoon. Ons gee voorlopig ter oorweging dat aan die uitgewer berig word dat die Raad nie toestemming kan gee dat die bundel in sy huidige vorm gepubliseer word nie, dat die beswaar o.a. geld die vir die veiligheid van die staat gevaarlike en die godsdienstig aanstootlike ondrag, Nagmaal, swart dood 1348, wit dood en breyten bid vir homself; verder sekere van die hierbo onder (a), (b) en (c), aangeduide en in die teks aangestreepte gedeeltes.

Ook prof. Endemann se opinie word gevra. Na ontvangs van die menings sal ons 'n finale aanbeveling doen.

Ons beskou hierdie geval so belangrik, ook vir ons verdere beleid, dat ons die hele Raad aan die oorweging wil laat deelneem.

Dit gaan hier om 'n werk wat literêr beslis van betekenis is, sodat ons versigtig moet wees om sonner te verbied. Terselfdertyd plaas die uitgesproke politieke tendens en sekere godsdienstig skokkende dinge ons voor 'n ernstige probleem.

Mnr. van Wyk word gevra om die uitgewer dadelik te berig dat die saak ernstige aandag geniet maar dat die Raad tyd nodig het om tot 'n beslissing te kom. Tegelykertyd dring ons op spoed aan.

.....
VOORSITTER RAAD VAN BERRER OOR
PUBLIKASIES.

POTCHEFSTROOM.

14 September 1964.